| | |
|---|---|
| Verslagwaardig: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA

(Noord-Kaapse Afdeling / Northern Cape Division)

| | |
|---|---|
| Saakno: / Case number: | **CA&R 122/03** |
| Datum verhoor: / Date heard: | **25/02/2004** |
| Datum gelewer: / Date delivered: | **26/03/2004** |

In die saak van:

**MAHLANGU, TSHEPO** Applikant

en

**DIE STAAT** **Respondent**

*Coram: Majiedt R et Lacock R*

---

**UITSPRAAK**

---

**LACOCK R:**

1] Op 22 September 2003 het ons ‘n appél aangeteken deur die applikant teen ‘n uitspraak van die Streekhoflanddros van Kimberley waarkragtens hy skuldig bevind is aan motordiefstal en gevonnis is tot vier jaar gevangenisstraf, van die hand gewys. (Appél was slegs aangeteken teen die skuldigbevinding).

Die applikant doen nou aansoek vir die volgende regshulp:

[11] Dat kondonasie aan hom verleen word vir die laat liasering van sy aansoek vir verlof om teen ons uitspraak na die Hoogste Hof van Appél te appelleer;

[12] Dat verlof aan hom toegestaan word om appél aan te teken teen ons uitspraak na die Hoogste Hof van Appél;

[13] Dat verlof aan hom verleen word om die getuienis van twee persone, te wete mnre Benedict Mothbi en Kabelo Hlatlayane (blykbaar by die aanhoor van die appél) aan te bied;

[14] Dat sy borg verleng sal word hangende die appél; alternatiewelik, hangende die lotgevalle van ‘n petisie aan die Hoogste Hof van Appél vir verlof om appél aan te teken.

2] By die aanvang van hierdie verhoor het adv Van Heerden wat namens die applikant voor ons verskyn het, die aansoek om verdere getuies te roep, laat vaar.

[21] Hierdie aansoek was in iedere geval enersyds prosedureel tot ondergang gedoem, en andersins sonder enige substansie.

3] Die aansoek om kondonasie vir die laat liasering van die

aansoek vir verlof tot appél hang ten nouste saam met die aansoek vir verlof self. Sonder om ‘n bevinding daaraangaande te maak sal ek vir doeleindes van hierdie uitspraak aanvaar dat die applikant aanvaarbare redes verskaf het waarom hy nie tydig aansoek gedoen het vir verlof om appél aan te teken nie. Die lotgevalle van die aansoek vir verlof sal vervolgens ook bepalend wees vir die vraag naamlik of kondonasie verleen of geweier behoort te word.

4] Dit bring my by die aansoek vir verlof tot appél.

[41] Dit is geykte reg dat verlof tot appél alleen verleen behoort te word indien daar ‘n redelike vooruitsig is dat ‘n Hof van appél tot ‘n ander gevolgtrekking kan kom as waartoe die Verhoorhof gekom het. Sien **R v Ngubane & Others 1945 AD 185 te 187**.

[42] Mnr van Heerden het, tereg so na my mening, betoog dat verlof alleen verleen behoort te word indien ons tot die gevolgtrekking sou kom dat daar ‘n redelike vooruitsig bestaan dat die Hof van appél kan bevind dat die getuie Masilo se getuienis nie as betroubaar aangemerk kon word nie. Mej Masilo was die persoon wat die applikant met die voertuig van die klaer by die kollege gronde waar dit gesteel is, sien uit- en wegry

het.

[43] Die verhoor landdros het bevind dat Mej Masilo *“ ‘n besonder goeie getuie”* was. Hy het bevind dat sy die identifisering van die applikant in baie gunstige omstandighede gedoen het. Die landdros was bedag daarop dat hy haar getuienis met omsigtigheid moes benader, en het dit dan ook gedoen.

[44] Op appél kon ons geen rede tot kritiek vind tot die benadering van die landdros en die gevolgtrekking waartoe hy gekom het nie. Die omstandighede waaronder hierdie getuie haar waarnemings gedoen het, is volledig in ons uitspraak op appél behandel te bladsye 6 tot 7, en vind ek dit nie nodig om dit weer hierin te herhaal nie.

[45] Die enigste addisionele argument wat mnr Van Heerden nou kon aanvoer en waarmee nie in argument tydens die aanhoor van die appél voor ons gehandel is nie, is dat mej Masilo nie tydens die aflÍ van haar getuienis die kleur van die voertuig van die klaer kon onthou nie. Hierdie aspek doen na my mening geen afbreuk aan die betroubaarheid van haar getuienis nie. Sy het getuig dat die klaer aan haar bekend was, en dat sy geweet het dat daardie betrokke voertuig aan hom behoort het. Voorts het sy getuig dat, toe die voertuig by die hek van

die kollege gronde uitbeweeg het, sy dit as die voertuig van die klaer herken het. Trouens, toe sy die voertuig opgemerk het, wou sy die klaer gaan groet het. Dit is toe dat sy opgemerk het dat nie die klaer nie, maar die applikant, die voertuig bestuur het. Daar kan geen twyfel wees dat sy die voertuig waarmee die applikant daar weggery het, herken het as die voetuig van die klaer nie.

5] Ek is vervolgens oortuig daarvan dat daar geen redelike vooruitsigte is dat ‘n Hof van appél tot ‘n ander gevolgtrekking kan kom as waartoe die Landdros gekom het en ook waartoe ons op appél gekom het nie, en dit is naamlik dat mej Masilo ‘n sodanig betroubare getuie was dat slegs op haar getuienis bevind kon word dat die applikant die persoon was wat die klaer se voertuig gesteel het.

6] Die aansoek vir die verlenging of verlening van borg is nie voor ons geargumenteer nie. Die klaarblyklike rede daarvoor is dat, ten spyte daarvan dat ons die appél so lank terug soos 25 September 2003 van die hand gewys het, en ten spyte daarvan dat geen aansoek gedoen of oorweeg is vir die verlenging van die borg van die applikant hangende die aansoek vir verlof tot appél nie, die applikant steeds – aldus mnr Van Heerden en soos bevestig deur me Van Dyk namens die Staat – op vrye voet verkeer.

Dit blyk uit die oorkonde van die verrigtinge voor die Streekhoflanddros dat, nadat die applikant gevonnis is, hy aansoek gedoen het vir borg hangende die appél na hierdie Hof. Die Landdros het borg vasgestel in die bedrag van R5 000.00 onderhewig aan die volgende voorwaardes,

> "Indien u appél laat vaar word of indien daar geen verskyning is in die hooggeregshof op die dag wat bepaal word vir die aanhoor van u app*él nie dat u dan voor drieuur daardie middag u sal oorgee by die klerk van die hof te Kimberley.* *<u>Verder indien u appél nie slaag nie of slegs slaag tot so 'n mate dat u nog steeds straf moet ondergaan om uitvoering te gee aan u vonnis dat u dan voor drieuur op die eerste hofdag volgende op die dag van die finale uitspraak u sal oorgee aan die voorgenoemde klerk van die hof.</u>"*
> (My onderstreping)

[61] Op ons navraag aan mnr Van Heerden hoe dit gebeur het dat die applikant nie na die afwysing van die appél in hegtenis geneem en aangehou was nie, het hy die volgende verduideliking verskaf:

> "Dit is dat gewoonlik bepaal Landdroste dat na afwys van die appél moet 'n Appellant binne 14 dae aanmeld. Wat in die praktyk gebeur, is dan na 14 dae gaan hy hof toe en die saak is nie op die hofrol nie. Dan gaan hy na die Klerk van die Hof toe, die Klerk sÍ nee, die saak is nie vir vandag nie. Hy moet wag dat hy 'n kennisgewing kry wanneer hy moet kom aanmeld, want dan is die saak op die rol behoorlik geplaas vir hom om te kom aanmeld en dit skep, soos u kan dink, baie verwarring en dit gebeur dan ook dat mense wat se borg eintlik al verby is, moet wag vir 'n kennisgewing sodat hulle in die hof kan gaan verskyn. Omdat die saak dan, of nie op die rol is nie en nie gevind

> kan word, sÍ die Klerk van die Hof dan wag jy tot jy jou kennisgewing kry. As ons miskien daar duidelike riglyne kan kry, of dat Landdroste dan sÍ jy moet aanmeld wanneer jy sodanige kennisgewing kry, of dan dat die Klerk van die Hof moet sorg dat so 'n saak op die rol is, 14 dae of wanneer die Landdros sÍ die borg verstryk."

In 'n skriftelike memorandum wat mnr Van Heerden op ons versoek *ex post facto* voorgelÍ het (en waarvoor ons hom dank verskuldig is), sÍ hy die volgende aangaande die prosedure wat normaalweg by landdroskantore hieraangaande gevolg word:

> "2. *Die probleem is steeds dat die Landdros gewoonlik as borgvoorwaarde bepaal dat 'n beskuldigde moet aanmeld by die Hof binne veertien dae nadat sy appél afgewys is. Die kennisgewing wat 'n beskuldigde ontvang dui gewoonlik op 'n datum nadat hierdie veertien dae reeds verstryk het.*
>
> 3. *Dit gee aanleiding tot verwarring by die beskuldigdes, moet hy nou binne 14 dae aanmeld of moet hy gehoor gee aan die amptelike kennisgewing van die Klerk van die Hof.*
>
> *31 Indien die beskuldigde binne 14 dae aanmeld, weet niemand van sy saak nie en is sy saak nie op die Hofrol nie. Daar kan gevolglik nie 'n aanhoudingslasbrief uitgereik word nie.*
>
> *32 Die gevangenis sal nie die beskuldigde inneem sonder 'n aanhoudingslasbrief wat sy aanhouding magtig nie.*
>
> *33 Indien hy gehoor gee aan die amptelike kennisgewing van die Klerk van die Hof*

*kom hy nie sy borgvoorwaarde na nie (soos in casu) en verbeur hy gevolglik sy borg.*

*4. In casu is die saak per abuis nie op die rol geplaas deur die betrokke beheeraanklaer nie. Dit blyk 'n oorsig te wees maar is reggestel deur 'n verdere kennisgewing uit te stuur.*

*5. Daar word voorgestel dat Landdroste as borgvoorwaarde sal bepaal dat 'n beskuldigde moet aanmeld op die datum en tyd soos bepaal in die kennisgewing van aanmelding. Dit sal die verwarring grotendeels voorkom aangesien daar dan net een datum ter sprake is."*

[62] Ook me Van Dyk het op ons versoek moeite gedoen om vas te stel wat die prosedure is wat in gevalle soos die onderhawige by die Landdroskantoor, Kimberley, gevolg word. Ons bedank ook me Van Dyk vir haar moeite. By haar memorandum is 'n eedsverklaring van die Klerk van die Landdroshof, Kimberley aangeheg wat as volg lees:

"Hiermee verklaar ek Cornelia Johanna O'Neill werksaam te Landdroskantoor Kimberley met appélle dat ek 'n Balju kennisgewing op 9/10/2003 uitgereik het vir bogenoemde persoon in bogenoemde saak. Ek het ook aan die persoon 'n brief geskryf na sy woonadres en 'n afskrif van die Hooggeregshof bevinding aangeheg. Daarna het ek die Balju kennisgewing gepos vir die Balju omdat die persoon in Warrenton woon. Op 30/10/2003 het ek die saak geneem na Mnr Du Plessis die streekhofbeheeraanklaer en aan hom verduidelik dat die saak die 4/11/2003 op die rol geplaas moes

word. ‘n Afskrif van die boek waarin die aanklaer vir die saak geteken het om dit op die rol te plaas is aangeheg asook die (eerste en 2de) afskrifte van die Balju kennisgewing (artikel 307 (3)(b) Strafproseswet 1977) wat deur my uitgereik is.

> *Op 25/2/2004 skakel Me Van Dyk van die DOV my en doen navraag. Die saak is per abuis nie deur die streekhofbeheeraanklaer op die rol geplaas nie.*
>
> ‘n Tweede Balju kennisgewing met ‘n hofdatum 13/4/2004 is weer deur my uitgereik op 25/2/2004 nadat ek die verhoor landdros gaan spreek het om seker te maak of daar enige ander prosedures is wat ek moet volg, om die saak op die rol te kry.”

By hierdie verklaring is die twee kennisgewings waarna in haar verklaring verwys word, aangeheg. In die eerste kennisgewing, en wat gedateer is 9 Oktober 2003, word die applikant gelas om op 14 November 2003 (dit wil sÍ 50 dae nadat die appél van die hand gewys is) by die Landdroshof *“te verskyn om die boete te betaal of te antwoord of om u oor te gee ten einde die voormelde vonnis te ondergaan, by versuim waaraan daar by die Hof aansoek gedoen sal word vir verbeurdverklaring van die borg en vir die uitreiking van ‘n lasbrief tot u inhegtenisneming”*.

In die tweede kennisgewing (wat ooreenstem met die eerste kennisgewing), word die applikant gelas om op 13 April 2004 (dit wil sÍ 201 dae nadat die appél van die hand gewys is) by die landdroshof te verskyn om hom

oor te gee om sy vonnis te ondergaan.

7] Die voormelde werkswyse en prosedure wat tans in die Landdroskantoor van Kimberley gevolg is ten aansien van hierdie saak, negeer duidelik en is in stryd met ‘n geldende Hofbevel, synde die voormelde borgvoorwaarde. Daarbenewens het die applikant homself streng gesproke skuldig gemaak aan minagting van ‘n Hofbevel en is hy tans steeds in minagting daarvan deurdat hy hom nie voor 15:00 op die eerste hofdag nadat uitspraak op appél gegee is, oorgegee het aan die klerk van die hof nie. In *casu* sal waarskynlik nie gesÍ kan word dat die applikant skuld het aan hierdie versuim nie omdat hy aangesÍ is om te wag totdat hy ‘n kennisgewing ontvang waarkragtens hy meegedeel sou word wanneer om aan te meld.

[71] Dit lÍ waarskynlik nie op die weg van hierdie Hof om aan die Landdroskantoor voor te skryf hoe om sy administratiewe verpligtinge na te kom nie, maar hierdie Hof kan tog sekerlik nie net sy oë sluit as ‘n uitvoerende instansie soos ‘n Landdroshof deur sy interne prosedure versuim om uitvoering te gee aan hofbevele nie. Een van die belangrike faktore waarkragtens orde en stabiliteit in die breë gemeenskap en in die staatsbestel verseker word, is effektiewe nakoming van lasgewings van die howe. Sien

hieraangaande die volgende opmerkings van **Jafta R** in **Mjeni v Minister of Health & Welfare, EC 2000 (4) SA 446 (Tk Hc) te 452 D – F**:

> "Quite clearly and just like any other party, the State is bound to comply with orders of the courts. It has a duty to honour them whenever it is directed to do something. The authority of courts of law over government departments has also received constitutional recognition. Section 165 of the Constitution of the Republic of South Africa Act 108 of 1996 provides that orders issued by courts of law bind all persons, including organs of State, to whom they apply and that State organs must assist and protect the courts to ensure the independence, impartiality, dignity, accessibility and effectiveness of the courts. There is no doubt, I venture to say, that this constitutes the most important and fundamental duty imposed upon the State by the Constitution."

[72] Dit is in belang van gesonde regspleging dat vonnisse opgelÍ deur 'n Hof effektief en spoedig uitgevoer en afgedwing word. Trouens, die Wet op Korrektiewe Dienste, nr 111 van 1998 bepaal in art 39 (1) daarvan dat " *'n vonnis van gevangenisstraf van krag (is) vanaf die dag waarop die vonnis opgelê is, ... tensy die gevonniste persoon vrygelaat word op borg in afwagting van die beslissing van 'n hoër hof, in welke geval die vonnis van krag is vanaf die dag waarop hy of sy homself of haarself daaraan onderwerp of in bewaring geneem word.*

Selfs 'n Streek- of Distrikshof is nie bevoeg om die

inwerkingtreding van 'n vonnis uit te stel nie. Sien **S v Mokoena 1986 (3) SA 420 (T) te 422 D tot I:**

> *"Daar is geen aanduiding dat art 276 van Wet 51 van 1977 die uitstel van die inwerkingtreding van 'n vonnis magtig nie.*
> *Artikel 297 van Wet 51 van 1977 handel met die voorwaardelike of onvoorwaardelike uitstel of opskorting van vonnis, en waarskuwing of berisping. Die bepalings van gemelde art 297 magtig ook nie die uitstel van die inwerkingtreding van 'n vonnis nie aangesien dit handel met en voorsiening maak vir die uitstel (op voorwaardes) van die oplegging van vonnis. Laasgenoemde is ook 'n vorm van vonnis in teenstelling met direkte gevangenisstraf.*
> *Die tenuitvoerlegging van 'n vonnis word selfs nie opgeskort deur die deursending van die notule van die verrigtinge vir hersiening nie, tensy die veroordeelde persoon op borgtog (nie waarskuwing nie) vrygelaat word. Vergelyk art 307 (1) van Wet 51 van 1977.*
> *Inteendeel die opgelegde vonnis en bevel bots met die bepalings van art 32 (1) van die Wet op Gevangenisse 8 van 1959.*
> *Indien die beskuldigde sy aansoek dat die vonnis later eers in werking moes tree gerig het voor vonnisoplegging, kon die magistraat denkbaar die saak uitgestel het en die beskuldigde op borgtog of waarskuwing vrygelaat het. Dan kon hy die beskuldigde se vonnis op 1 Julie opgelê het en die straf sou vanaf daardie datum loop ooreenkomstig die bepalings van art 32 (1) van Wet 8 van 1959.*
> *In die onderhawige geval is die aansoek eers na vonnisoplegging gebring. Die magistraat het toe duidelik geen bevoegdheid gehad om die bevel uit te reik soos hy wel gedoen het nie."*

[73] Indien die Streekhof dus nie borg hangende appél aan die applikant toegestaan het nie, sou sy vonnis in

werking getree het op die dag waarop hy deur die Streekhoflanddros gevonnis is. Omdat borg toegestaan is en ingevolge die voorskrifte van art 39 (1) van Wet 111 van 1998, tree die applikant se vonnis in werking op die dag waarop hy homself daaraan onderwerp of in bewaring geneem word.

Na my mening moet die toepaslike voorskrifte van art 39 (1) van Wet 111 van 1998 noodwendig gelees word in verband met die borgvoorwaardes soos vervat in die Hofbevel waarkragtens borg hangende appél vasgestel is. Indien dit nie aldus in samehang gelees word nie, sou dit beteken dat die applikant arbitrÍr kan besluit wanneer hy, na verlening van die uitspraak op appél, homself wou onderwerp aan die uitdien van die opgelegde gevangenisstraf. Dit kon duidelik nie die bedoeling van die Wetgewer gewees het nie.

Word art 39 (1) van Wet 111 van 1998 saam gelees met die borgvoorwaardes van die applikant, word dit onmiddellik duidelik dat (a) die applikant hom kragtens die Hofbevel aan die uitdien van die gevangenisstraf hom opgelÍ moes onderwerp op die eerste hofdag wat volg op die datum waarop hierdie Hof uitspraak op appél gelewer het, en (b) dat sy vonnis kragtens Wet 111 van 1998 in werking tree op daardie dag.

Die woorde *"... (op die dag) waarop hy in bewaring geneem word,"* slaan klaarblyklik op die gebeurlikheid dat die gevonniste persoon versuim om homself of haarself te onderwerp aan gevangenissetting op die dag soos in die borgvoorwaardes bepaal.

[74] Om op te som: Die applikant was ingevolge 'n hofbevel verplig om homself te onderwerp daaraan om sy gevangenisstraf uit te dien die eerste hofdag nadat die uitspraak op appél deur hierdie Hof gelewer was op 25 September 2003. Daarteenoor het daar 'n verpligting op die Staat, en meer bepaald die Departement van Justisie, gerus om toe te sien dat die applikant sy gevangenisstraf begin uitdien ooreenkomstig die voormelde Hofbevel.

8] Soos hierbo vermeld, meen ek nie dat hierdie Hof voorskriftelik behoort te wees aangaande die wyse waarop die amptenare wat belas is met die voormelde taak, hul verpligtinge hieraangaande moet uitvoer nie.

9] 'n Vraag wat nie voor ons geargumenteer is nie, is naamlik of die borgvoorwaardes die applikant opgelÍ (hierbo aangehaal) voldoen aan die voorskrifte van art 307 (3) (saamgelees met art 309 (4) ) van die Strafproseswet nr 51 van 1977 (die Wet), en hoe hierdie artikel vertolk en toegepas behoort te word.

Gesien die verwarrende aspekte waarna mnr Van Heerden verwys het en die – soos dit ons voorkom – onbevredigende prosedure wat tans in die Landdroshof van (minstens) Kimberley gevolg word hieraangaande, meen ons dat dit wenslik is om hierdie vraagstuk aan te spreek.

10] Die tersaaklike voorskrifte van art 307 van die Wet lees as volg:

> “(1) Behoudens die bepalings van artikel 308 word die tenuitvoerlegging van 'n vonnis nie opgeskort deur die deursending van die oorkonde vir hersiening of die verpligting om die oorkonde vir hersiening deur te stuur nie, tensy die hof wat die vonnis opgelÍ het die veroordeelde persoon op borgtog vrylaat.
>
> *(3) Dit is 'n voorwaarde van vrylating van die veroordeelde persoon dat hy hom-*
>
> *(a) op 'n deur die hof bepaalde tyd en plek; en*
>
> *(b) by betekening, op die by die hofreëls voorgeskrewe wyse, van 'n skriftelike bevel aan hom of by 'n deur die hof bepaalde plek,*
>
> *moet oorgee sodat uitvoering aan 'n vonnis ten opsigte van die betrokke verrigtinge gegee kan word.*
>
> *(3A) (a) Indien die bevel beoog in subartikel (3) (b) nie binne 14 dae na die uitreiking daarvan aan die veroordeelde persoon beteken word nie omrede hy of sy nie gevind kan word by die adres wat hy of sy verstrek het ten tyde van die verlening van borgtog aan hom of haar nie, word die borgtog voorlopig ingetrek en*

*die borggeld voorlopig verbeurd verklaar en word 'n lasbrief vir sy of haar inhegtenisneming uitgereik.*

*(4) Die hof kan enige voorwaarde van vrylating op borgtog byvoeg wat hy in belang van die regspleging nodig of raadsaam ag, onder meer met betrekking tot-*

*(a) die persoonlike aanmelding deur die veroordeelde persoon op 'n bepaalde tyd en plek by 'n bepaalde persoon of gesag;*

*(b) 'n plek waarheen so 'n persoon verbied word om te gaan;*

*(c) enige ander aangeleentheid betreffende die gedrag van so 'n persoon."*

[101] Dit val onmiddellik op dat die voorskrifte van sub-art 3 van art 307 van die Wet in gebiedende taal gegiet is. Vergelyk die Engelse weergawe waar dit as volg deur die Wetgewer gestel is:

*"It shall be a condition…"*

Wanneer 'n Landdros dus borg kragtens hierdie artikel aan 'n veroordeelde persoon toestaan hangende hersiening of appél, is hy of sy verplig om die borg onderhewig te stel aan hierdie voorwaardes.

[102] Die Landdros is egter nie beperk tot die oplÍ van hierdie verpligte voorgeskrewe voorwaardes nie. Hy is ook bevoeg kragtens die voorskrifte van art 307 (4) van die Wet om verdere voorwaardes op te lÍ. (Die

*"aanmelding"* waarna verwys word in art 307 (4) (a) slaan ooglopend op aanmelding gedurende die geldigheidsduur van die borg en nie op aanmelding of oorgawe by verstryking van die borg en waarvoor in art 307 (3) voorsiening gemaak word nie.)

[103] Indien die borgvoorwaardes opgelÍ deur die Streekhoflanddros in hierdie saak nou van nader beskou word, blyk dit dat dit nie voldoen aan die voorskrifte van art 307 (3) van die Wet nie, deurdat die voorskrifte van art 307 (3) (b) nie daarin vervat is nie.

11] Dit bring my by die volgende vraag naamlik hoe moet art 307 (3) verstaan en toegepas word.

[111] By die eerste lees van hierdie artikel wil dit byna voorkom dat die voorskrifte van sub par (a) onversoenbaar is met die van sub par (b) deurdat dit op die oog af voorkom asof voorsiening gemaak word vir twee moontlike datums waarop 'n beskuldigde hom- of haarself moet aanmeld: eerstens op die datum soos deur die Hof gelas; en tweedens op die datum soos vermeld in die bevel wat kragtens (b) op 'n beskuldigde beteken moet word.

Indien hierdie vertolking voorgestaan sou word, sou die

oplossing waarskynlik daarin geleë wees om die woordjie *"en"* tussen die twee sub paragrawe te lees as *"of"*.

[112] Ek is egter van mening dat, soos aan die hand gedoen deur me Van Dyk, die bedoeling van die Wetgewer gevind kan word in die normale betekenis van die woorde soos gebesig in die artikel self sonder dat dit nodig is om die artikel woordwysigend te vertolk.

[113] Indien art 307 (3) van die Wet in sy geheel gelees word, blyk dit dat sub artikels (a) en (b) daarvan noodwendig in verband met mekaar gelees moet word. Waarvoor dus in die borgvoorwaardes voorsiening gemaak moet word, is 'n tyd en plek wanneer en waar die veroordeelde persoon moet aanmeld soos vervat in 'n skriftelike bevel wat op die persoon beteken moet word.

[114] Indien in ag geneem word dat die hof wat borg kragtens art 307 aan 'n persoon toestaan, nie op die dag waarop die borg verleen word sal weet wanneer die hersiening of appél aangehoor gaan word nie en selfs of dit voortgesit sal word nie, volg dit dat daardie hof nie 'n spesifieke tyd, dit wil sÍ met vermelding van 'n bepaalde datum (dag, maand en jaar), kragtens art 307 (3) (a) kan bepaal wanneer 'n persoon homself moet aanmeld

nie.

Die *"bepaalde tyd"* waarna in die artikel verwys word, moet gevolglik verband hou met 'n gebeurlikheid wat nog in die toekoms moet plaasvind.

[11.4.1] Die antwoord op wat sodanige gebeurlikheid is, is myns insiens te vinde in die voorskrifte van art 307 (3) (b), naamlik die tydstip waarop die bevel soos daarin vermeld op die voormelde persoon beteken word.

[11.4.2] Dat daardie gebeurlikheid nie die nie-voortsetting van die appél of die lewering van die uitspraak op appél kan wees nie, is eerstens daarin geleë dat die plaasvind van die eersvermelde gebeurlikheid moeilik vasstelbaar en selfs willekeurig kan wees, en tweedens dat die appellant nie noodwendig kennis sal neem van die uitspraak op die dag waarop dit gelewer word nie.

[11.4.3] Indien die *"bepaalde tyd"* vermeld in art 307 (3) (a) in verband gebring en gekoppel word aan die datum waarop die bevel vermeld in art 307 (3) (b) op die veroordeelde persoon beteken word,

sal regsekerheid bevorder word terwyl daar terselfdertyd uitvoering gegee word aan die bedoeling van die Wetgewer soos in hierdie artikel verstalt naamlik dat behoorlike kennis aan 'n veroordeelde persoon gegee moet word dat hy hom moet aanmeld vir uitvoering aan 'n vonnis hom opgelÍ.

[115] Uit hoofde van die voorgaande is ek van mening dat art 307 (3) van die Wet as volg vertolk en toegepas moet word: By die verlening van borg kragtens hierdie artikel is 'n hof verplig om 'n voorwaarde aan die borg te koppel waarkragtens die veroordeelde persoon hom of haar moet oorgee om uitvoering aan 'n opgelegde vonnis te gee (dit wil sÍ indien die appél nie voortgesit word nie, of afgewys of gedeeltelik afgewys word, sodat die vonnis of 'n gedeelte daarvan steeds uitgedien moet word) op 'n bepaalde tyd en plek na betekening aan die persoon van 'n bevel soos bedoel in art 307 (3) (b). Die bepaalde tyd en plek moet dus in die borgvoorwaarde vermeld word, byvoorbeeld *"om 10:00 op die eerste hofdag wat volg op die dag waarop die bevel bedoel in art 307 (3) (b) op u beteken word te die klerk van die Hof, Landdroskantoor, Kimberley …"*.

Dit kom my sinvol voor dat die *"tyd en plek"* waarna

verwys word in art 307 (3) (a) ook in die bevel bedoel in art 307 (3) (b) vermeld moet word.

Prakties gesproke kan ‘n borgvoorwaarde opgelÍ kragtens hierdie artikel byvoorbeeld as volg lees:

> “Dit is ‘n voorwaarde van die borg dat ingeval die appél om watter rede ookal nie voortgesit word nie, of van die rol van die Hof van Appél verwyder word, of nie slaag nie, of slegs gedeeltelik slaag sodat u steeds u vonnis of ‘n gedeelte daarvan moet uitdien, u uself sal oorgee te die kantoor van die klerk van die Hof, Landdroskantoor, Kimberley om 10:00 op die eerste hofdag wat volg op die dag waarop ‘n bevel kragtens art 307 (3) (b) van die Strafprosewet, nr 51 van 1977 op u beteken sal word, sodat uitvoering aan u vonnis gegee kan word.”

12] Ook meen ek dat die vraag naamlik hoe die voorskrifte van art 307 in die praktyk uitgevoer behoort te word, ook vermelding verdien.

[121] Eerstens is dit duidelik dat ‘n *“bevel”* (Engels: *“order”*) op die veroordeelde persoon beteken moet word.

Die woord *“bevel”* word nie in die woordomskrywingsartikel van die Wet omskryf nie, maar daar kan myns insiens min twyfel wees dat dit slegs kan beteken ‘n lasgewing uitgereik deur ‘n persoon wat bevoeg is kragtens die Wet om sodanige lasgewing uit te reik. ‘n Landdros is ooglopend aldus bevoeg.

[122] Tweedens moet hierdie bevel op die veroordeelde persoon beteken word: óf op die by die Hofreëls voorgeskrewe wyse, óf by 'n plek soos deur die Hof (in die borgvoorwaardes) voorgeskryf. In praktyk sal betekening normaalweg deur die balju geskied.

[123] Die bewoording van art 307 (3) maak dit duidelik dat die persoon hom of haar *"by betekening"* (Engels: *"upon service"*) van die bevel op hom of haar *"moet oorgee"* (Engels: *"shall…surrender himself"*).

Word, soos hierbo aangetoon, die twee sub paragrawe van art 307 (3) in verband met mekaar gelees en toegepas, volg dit dat die woorde *"…by betekening …"* (Engels: *"…upon service"*) nie letterknegtelik uitgelÍ kan word naamlik om te beteken op die moment waarop die bevel op die veroordeelde persoon beteken word nie, maar moet dit uitgelÍ en verstaan word as die tyd en plek daarin vermeld soos bedoel in sub par (a).

[124] 'n Duidelike aanduiding dat die Wetgewer bedoel het dat betekening van die tersaaklike bevel behoort te geskied binne veertien (14) dae na uitreiking daarvan, is te vinde in die voorskrifte van art 307 (3 A) (a) van die Wet wat as volg lees:

> *(3A) (a) Indien die bevel beoog in subartikel (3) (b) nie binne 14 dae na die uitreiking daarvan aan die veroordeelde persoon beteken word nie omrede hy*

> *of sy nie gevind kan word by die adres wat hy of sy verstrek het ten tyde van die verlening van borgtog aan hom of haar nie, word die borgtog voorlopig ingetrek en die borggeld voorlopig verbeurd verklaar en word 'n lasbrief vir sy of haar inhegtenisneming uitgereik.*

13] Weereens sonder om voorskriftelik te wees aangaande die wyse waarop amptenare belas met die uitvoering van die voorskrifte van art 307 (3) en 307 (3 A) van die Wet, hul verpligtinge hieraangaande behoort na te kom, meen ek dat enkele opmerkings hieraangaande nie onvanpas is nie:

[131] Waarom is dit nodig dat ‘n saak wat op appél misluk het, weer sogenaamd op die rol geplaas moet word bloot om net die lasbriewe vir die gevangenissetting van ‘n beskuldigde in plek te kry?

[132] As sake onderhewig aan appél onder die beheer van die klerk van die Hof gehou word, verg dit enigiets meer as ‘n blote administratiewe handeling van die Landdros om die lasbriewe te teken en te gelas dat die borggeld terugbetaalbaar word die dag waarop ‘n veroordeelde persoon homsself aanmeld?

[133] Indien ‘n beskuldigde sou versuim om homself aan te meld, waarom kan hy nie summier in hegtenis geneem word en na die Hof gebring word sodat die nodige

formaliteite afgehandel kan word vir sy opname in die gevangenis nie?

[134] Om watter denkbare rede behoort aan ‘n gevonniste persoon *“grasie”* verleen te word van soveel soos ‘n maand en langer voordat sy gevangenissetting in werking tree?

[135] Dit lÍ myns insien nie op die weg, en is nie die taak van die klerk van die Hof nie, om diskresionÍr te besluit wanneer ‘n veroordeelde persoon kragtens hierdie artikel van die Wet hom of haar moet oorgee om uitvoering aan die vonnis te gee nie. Landdroste wat borg hierkragtens toestaan, moet in die borgvoorwaardes gelas dat so ‘n persoon hom of haar by die klerk van die Hof moet aanmeld binne ‘n bepaalde tydperk na betekening van die bevel. By aanmelding deur die veroordeelde persoon moet die klerk van die Hof toesien dat die nodige administratiewe handelinge verrig word sodat die persoon vir gevangenissetting opgeneem word.

Sou die persoon versuim om homself oor te gee op die tyd en plek in die bevel vermeld, moet die klerk van die Hof onmiddellik toesien dat ‘n lasbrief kragtens art 307 (3 A) (a) uitgereik word.

14] Ek is van mening dat hoofde van Landdroskantore moet toesien dat die nodige administratiewe masjinerie in plek gestel word om effektiewe en tydige uitvoering te gee aan hofbevele waarin borgvoorwaardes vervat is ooreenkomstig die inhoud van daardie bevele.

‘n Versuim om hieraan uitvoering te gee, kom nie alleen neer op ‘n verontagsaming van sodanige bevele nie, maar stel ook die administrasie bloot aan moontlike wanpraktyke.

15] Vervolgens word die volgende bevele hierin verleen:

**A. KONDONASIE VIR DIE LAAT LIASERING VAN DIE APPLIKANT SE AANSOEK OM VERLOF OM APPÉL AAN TE TEKEN TEEN DIE BEVINDING VAN HIERDIE HOF EN WAARKRAGTENS SY APPÉL VAN DIE HAND GEWYS IS, WORD GEWEIER.**

**B.** **DIE APPLIKANT WORD GELAS OM HOMSELF VOOR 13:00 OP DIE EERSTE HOFDAG NA DIE DAG WAAROP HIERDIE VOLLEDIGE UITSPRAAK MET REDES GELEWER IS, BY DIE KLERK VAN DIE HOF VAN DIE LANDDROSKANTOOR VAN KIMBERLEY, AAN TE MELD VIR SY OPNAME IN DIE GEVANGENIS TEN EINDE SY VONNIS IN WERKING TE STEL.**

**C.** **DIE KLERK VAN DIE LANDDROSHOF, KIMBERLEY, WORD GELAS OM**

**C1** **INDIEN DIE APPLIKANT HOMSELF AANMELD SOOS HIERIN GELAS, DIE NODIGE STAPPE TE NEEM TEN EINDE DIE APPLIKANT IN DIE GEVANGENIS TE LAAT OPNEEM, ALTERNATIEWELIK**

**C2** **INDIEN DIE APPLIKANT VERSUIM OM HOMSELF ALDUS AAN TE MELD, 'N LASBRIEF TE LAAT UITREIK VIR DIE INHEGTENISNEMING VAN DIE APPLIKANT EN OM DAARNA DIE NODIGE STAPPE TE NEEM TEN EINDE DIE APPLIKANT IN DIE GEVANGENIS TE LAAT OPNEEM.**

D. **DIE** *"KENNISGEWING INGEVOLGE ART 307 (3) (b) VAN*

*DIE STRAFPROSESWET"* ***UITGEREIK DEUR DIE KLERK VAN DIE LANDDROSHOF, KIMBERLEY, EN GEDATEER 25 FEBRUARIE 2004, WORD TER SYDE GESTEL.***

__________________
HJ Lacock
**REGTER**

Ek stem saam.

__________________
SA Majiedt
**REGTER**

*Namens applikant:* **Adv CF van Heerden** (iov Van Wyk Prokureurs)
*Namens respondent:* **Adv E van Dyk**